

18 Januarie - ARM

Skrifgedeelte: Spreuke 13:1-7

Fokusgedeelte: Spreuke 13:7

Armoede groei die afgelope jare in Suider-Afrika. Syfers van blanke Afrikaners wat in armoede woon, werkloos is en baie ellende ervaar, is skokkend. Nog meer armes en lydendes kom uit ander bevolkings-groepe.

Die Skrif is duidelik oor die verantwoordelikheid van mense wat meer het, teenoor die armes in hulle omgewing. Die God van die verbond het vir die ou Israel duidelike rigtingwysers daarvoor gegee (Deut 11; 2 Kor:9:9). Dit is die werklike arm mense, dikwels vanweë ekonomiese omstandighede buite hulle beheer.

Die wysheidsleraar waarsku egter hier teen mense wat voorgee oor hulle besittings. Hierdie valsheid is verkeerd in die oë van die Here. Mense wat eintlik niks het nie, maar wat hulle ryk hou. Is dit die mense wat bo hulle inkomste leef – met 'n groot huis in 'n goeie woonbuurt, blink luukse motor, duur klere? Intussen is die skuld baie groot! Swak rentmeesters, snobs, hoogmoediges ... sulkes vind ons in hierdie kategorie. Dikwels geestelik brandarm, want hulle jaag na wêreldse aansien.

Die teenoorgestelde is ook waar. Ryk mense wat maak asof hulle arm is. Is dit dalk die vrekkerige, suinige een – met baie besittings, maar diep gebêre, vanweë inhaligheid? Hulle wil gehelp word, maar help niemand anders nie en kla altyd oor die lewenskoste.

Omdat die wysheidsboek albei kante – die besitters en nie-besitters – hier noem, leer die Here ons dat valsheid oor ons materiële besittings nie geduld sal word nie. Jakobus dui 'n goeie pad aan. Ons moet ryk wees in ons geestelike lewe (Jak 1:9 ev). Dan sal rykdom en armoede reg hanteer word. Dan sal ons nie smag na valse vertoon nie. Ons sal ook nie krampagtig vashou aan besittings nie. Ons sal ryk wees in vrygewigheid (1 Tim 6:18).

Doen jou nie vals voor nie, maar wees tevrede met wat jy het.

Sing: Psalm 116-1:1, 4

Dr. WC Opperman (Windhoek-Suid)